NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 27 AUGUSTUS 2023**

# DERTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Dankie vir die Bybel in Afrikaans***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Romeine 12:9-21; Psalm 105:1-6, 23-26, 45b**
**Eksodus 3:1-15; Matteus 16:21-28**

| **SONDAG, 27 AUGUSTUS** | |
|---|---|
| | POSDAG<br>DANKBAARHEIDSONDAG<br>BYBELSONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Gideons<br>Erediensspan 3 – Neels Kruger |
| GEEN | Kleuter- en Kinderkerk |
| GEEN | **Senior kategese** |
| • | **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |
| **MAANDAG, 28 AUGUSTUS** | |
| 18:00 | Kooroefening |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 29 AUGUSTUS** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| 18:00 | Manne Bybelstudie in Moederskamer |
| **WOENSDAG, 30 AUGUSTUS** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| | Kommissie verslae inhandig by kerkkantoor |

| DONDERDAG, 31 AUGUSTUS |
|---|
| 09:30 Dienssentrum vir Seniors – Oefening<br><br>Sopbeurte: Juanita Horn, Mari Bothma, Ronel Le Grange, Roezan Lewis, Lyta van Wyk Jacomina Swart, Angelique Steyn |
| **VRYDAG, 1 SEPTEMBER** |
| 09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |
| **SATERDAG, 2 SEPTEMBER** |
| |
| **SONDAG, 3 SEPTEMBER** |
| VEERTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD<br>NASIONALE BIDDAG VIR DOWES<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Doop<br>Deuroffer ten bate van: Instituut vir Dowes<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw<br>09:00 Kleuter- en Kinderkerk<br><br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>GEEN **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |

# GEMEENTENUUS



1. Anna van Wyk (Voëlvry, Bottelary) herstel van 'n voetoperasie.
2. Susan Dietrichs (Othello) sterk steeds aan in die versorgingsoord.
3. Adri Burger (Sangirostraat) se ma lê tans onder sorg in La Belle Tehuis. Dit gaan glad nie goed met haar nie.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Bybels: Ons het Engelse en Xhosa Bybels vir verspreiding na huiswerkers, tuinwerkers, petroljoggies, karwagte, ens. Kontak gerus die kerkkantoor.
2. Ds Hannes Burger is die naweek af.
3. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 6 September 2023 om 19:00. Verslae vir hierdie vergadering moet by die kerkkantoor ingehandig word teen 30 Augustus 2023.

# BLIKKIES

Eet jy gereeld uit? Uit blikkies uit?
Bring jou leë blikkies na die kerk – ons benodig dit vir 'n projek.
By voorbaat dankie.



# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



27/08 **Tim Burrows**
28/08 Bjorn Moggee, Estelle Conradie, Elmien Boyes
29/08 Tia Welman, Stiaan van Zyl, Petro Combrinck, Vasti Muller, Ian van der Walt
30/08 Ziaan van Zyl, Heinrich van As, Werner De Koker, Cornel Loots
31/08 Elmaré Burger, Roanda Jacobs, Annette du Toit(84)
01/09 Leoni en Rachel Lambert, Erna de Wit, Peru Viljoen, Cliné de Beer

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## DIE GIDEON BEDIENING

Die Gideons Internasionaal is 'n vereniging vir Christen sake- en professionele manne, met net een visie (droom) – OM SIELE VIR JESUS TE WEN. Ons doen dit deur persoonlike werk (getuienis) asook die verspreiding van God se woord.

Die Gideons vereniging het reeds in 1899 in die VSA ontstaan & in 1950 in SA begin. Tans funksioneer ons in meer as 200 lande wêreldwyd. Die lande sluit onder andere Rusland, Mexico en ook Groenland in. Die Gideon Testamente word in meer as 100 tale gedruk en versprei. China is een van die lande wat nog amptelik vir die Gideons geslote is, maar daar is reeds heelwat mense wat by die organisasie aangesluit het en hulle versprei reeds meer as 'n halfmiljoen Testamente in een jaar.

Met die finansiële ondersteuning van kerke en individuele Gideon vriende en natuurlik met die genade van die Here is die Gideons in staat gestel om sedert sy ontstaan meer as 2 MILJARD Bybels in 100 tale in meer as 200 lande te versprei!!

Alle eer aan ons Hemelse Vader vir wat Hy reeds deur die Gideon bediening gedoen het en nog steeds elke dag doen. Daar is vele getuienisse van mense, wat deur die werking van die Heilige Gees en met 'n Gideon Testament, hul weg tot saligheid gevind het.

Sou jy dalk deur die Heilige Gees gelei word om op een of ander wyse by die bediening betrokke te raak, kontak asb een van die agt Gideons & Gideonsvroue in ons gemeente:

Jacques Odendal – 082 808 3459 of Riëtta Odendal – 082 904 0950
Eric Brand – 082 465 8620 of Louisa Brand 072 419 6411
Johan Joubert – 083 845 0590 of Martie Joubert – 083 845 0590
Henk Louw – 072 837 0612 of Johanette Louw – 082 371 5717

Of stuur n epos na GideonsBellville@gmail.com

Meer inligting oor die Gideon bediening asook getuienisse is beskikbaar op ons webwerf www.gideons.org

# JAN KRIEL TEKKIE CHALLENGE

Jaarlikse Tekkie Challenge by Jan Krielskool. Hierdie fondsinsamelings-inisiatief ondersteun sowat 600 leerders met leer-beperkings en vind al vir meer as 20 jaar plaas!

Saterdag 2 September 2023
10km of 21km WPA wedrenne
5km Pretloop
Wonderlike pryse vir top deelnemers en gelukkige trekkings sowel as 'n groot prys vir die beste 'Dress up your Tekkies' inskrywing.



Inskrywings en inligting by www.tekkiechallenge.co.za of epos events@jankriel.co.za.

# SENIOR BURGER TEE

Die datum van die Senior Burger Tee word op die jaarprogram aangedui as Dinsdag 19 September. Dit gaan egter vanjaar skuif. Die datum van 16 September soos vroeër genoem, bots egter met 'n ander geleentheid.
Dit verskuif dus nou na Saterdag 21 Oktober 2023.

Hou hierdie spasie dop vir meer inligting binnekort.



# WYNVEILING

De Eike se Wynveiling vind plaas op 18 Oktober 2023 te Kaapzicht Landgoed.
Ons benodig Tafelhoofde vir die veiling.
Ons moet ten minste 20 tafels vol gaste hê om 'n sukses van die aand te maak.
Kontak Mattheus Kuhn 0842260447 of die kerkkantoor indien jy beskikbaar is om as gasheer/-vrou op te tree.

Dirk Brits
Sameroeper

# SENIOR KATEGESE

Ons Senior Kategese verkoop swart vullissakke vir fondsinsameling ten bate van Jeug projekte.

Elke huishouding gebruik swart vullissakke en ons kwaliteit is baie goed.
Dis sterker (40mic) teenoor die winkel (18-20mic) se sakke.

20sakke @ R45 10sakke @ R23

Kontak die kerkkantoor indien jy belangstel.



# KLERE EN VERE

Baie, baie dankie aan elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het om ons Uitreikspan met **'n vol vrag omgee en meelewendheid na Nuwerus** te stuur!

VGK-Koelenhof het ook weer die afgelope week 'n mooi vraggie *klere en vere* kom haal - met groot waardering teenoor De Eike se lidmate.

**Verdere goeie nuus** is dat iemand **Klere en Vere** se basaar-oorskot kom koop het, en sodoende die basaar se groottotaal oor die R300 000 gehelp het.

Wees bly saam met ons en hou aan om hierdie getuienis-projek te ondersteun, asseblief!

Groetnis
2 Vere

# DIE KOSMANDJIE

Liewe Lidmaat

Selfs *sonder* 'n spenslys sorg De Eike / JY, dat **Die Kosmandjie** altyd kan help. So beleef ons hoe ons **Voorsiener** sorg bring waar dit nodig is.



**Spenslys**
Langlewe Melk
Koffie
Suiker
Ontbytpap
Spaghetti
Soppoeier
Kookolie
Poeiermelk
Bruismeel
Soja maalvleis
Tuna / Sardiens
Sneesdoekies
Wasgoedseeppoeier

Baie dankie vir jou oop hart en hande!

Groetnis

# NUWERUS UITREIK

Ons vra asb voorbidding vir die uitreik naweek.

Ons wil vir ieder en elk dankie sê vir hul bydraes tot die jeug & bejaardes se pakkies, vir die klerasies, ook vir donasies wat ons ontvang het tov die naweek. Ons waardeer elkeen van julle.

Dankie by voorbaat!

# NUUS VANUIT DIE FONDE KOMMISSIE

Liewe vriende,
Ek gee graag terugvoer rakende die afgelope 3 maande se syfers:

| | **Mei 2023** | **Junie 2023** | **Julie 2023** |
|---|---|---|---|
| Maandelikse dankoffers | 195 928 | 184 000 | 171 818 |
| Totale inkomste | 365 728 | 546 209 | 243 329 |
| Totale uitgawes | 388 371 | 340 785 | 314 469 |
| **Surplus / (Tekort)** | **(22 643)** | **205 424** | **(71 140)** |

Junie se totale inkomste (en tot ‘n mindere mate dié van Mei) het natuurlik ‘n reuse hupstoot gekry as gevolg van die jaarlikse basaar. Die basaar het hierdie jaar ‘n netto inkomste van R299 583 gerealiseer – ‘n rekord-syfer, ten spyte van die nat en koue weersomstandighede op die dag van die basaar!

Nié ingesluit by bogenoemde syfers nie, is kapitaaluitgawes van R272 400 vir die herstel van die administratiewe gebou se dak. Die herstelwerk was noodsaaklik om te verrig, alvorens die sonkragpanele op die dak geïnstalleer kon word. In terme van ‘n ooreenkoms wat ons met CO Solar aangegaan het, betaal ons nie vir die sonpanele en toerusting of die installasie daarvan nie, maar slegs vir die eenhede elektrisiteit wat ons gebruik. Hierdie geleentheid wat oor ons pad gekom het, is maar net nog ‘n voorbeeld van die seën wat ons gemeente met dankbare harte ontvang.

Groete tot volgende maand,
Elmari Schwenke-van der Walt

# MATRIEKFEES

‘n Week van son en see, kuier, ontspan, vriende maak en sommer net *chill* naby die natuur en naby God.

Noordhoek Beach Matriekfees
6 tot 13 Desember 2023
R2000 p/p (R1800 vir inskrywing voor 1 Oktober 2023)

Kontak vir Faani
083 856 1951
Re#imagne Matriekfees Noordhoek

# PREEKSKETS



## TEMA – ONS LIG OP ONS LEWENSPAD

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Psalm 119: 105-111 (1933 en 2020 Afrikaanse Vertalings)

1. **Inleiding.** Meeste van die tyd is die lewe totaal en al 'n fees. Maar dan kan ander dae weer regtig donker wees: 'n Tyd van seer, of verlies, of die gevoel dat ons op een of ander manier die pad byster geraak het. En dit is in daardie donker tye, wat ons dikwels nie weet watter kant toe nie.Ons was al almal daar.

Psalm 119 is die langste hoofstuk in die Bybel. Dit is geskryf deur 'n man wat baie moeilike, en baie donker tye beleef het… en die hele Psalm is sy gebed tot God. Is dit nie genade onbeskryflik groot nie? 'n Lamp vir ons voete, sodat ons kan afkyk om te sien waar ons die volgende tree op hierdie rotsagtige pad moet neem.

2. **Die woord van die Here is ons lig op ons lewenspad.** In vers 105 bely die psalmdigter dat, "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my lewenspad." Ons almal weet, dat 'n mens in die donker 'n lig nodig het om te sien waar jy moet trap sodat jy nie struikel en val en moontlik seerkry nie. 'n Lig laat jou in die donker sien. Dit wys vir jou die pad aan. Hoeveel te meer nie die woord van God nie?

3. **Die woord van die Here beskerm ons.** In vers 107 bid psalmdigter dat die Here sy verhouding met Hom sal herstel, dat die Here hom volgens Sy beloftes sal beskerm. En terwyl die Here sy gees vernuwe, bied hy in vers 108, 'n lof-offer aan tot eer van die Here en belowe hy om hom te hou aan Sy woord. Hierdie offer is uit dankbaarheid, omdat die Here hom gered het van die nette van die goddeloses.

4. **Die Here se woord is die bron van ons blydskap.** In vers 111 bevestig die psalmdigter dat hy die bepalings van die Here as blywende erfporsie ontvang het. Hierdie wete maak hom gelukkig, dit is vir hom 'n vreugde in sy hart.

5. **Samevatting.** Die psalmdigter het vanoggend aan ons kom bevestig dat die woord van die Here ons daagliks rig en beskerm. Hy het ons verder ook daarop kom wys dat die woord van die Here die bron van ons vreugde op ons lewenspad is. Deur die "woord (tôrā) van die Here" te onderhou, dit te bestudeer, deel te maak van ons lewens én daarvolgens te leef, maak dat ons die erfporsie wat God aan ons gegee het sigbaar met blydskap in die wêreld vertoon. Wat 'n voorreg, wat 'n genade, om hierdie lewendgewende Woord in ons eie hartstaal te mag hoor.